# *Liturgiese Riglyne*

## S O N D A G O G G E N D   9:00

## *God bewaar altyd sy kinders*

**Skriflesing:** Psalm 121
**Teksvers:** Psalm 121:7,8
**Sing**:
Ps 121-1:1,2
Ps 111-2:1-4
Ps 71-1:1,2
Ps 33-1:1
Ps 91-1:1,6
Ps 34-1: 4
Ps 34-1:1,2
Sb 13-3

**Orrelis**: Willemien Schoombee
**Projektor**: Carina vd Dussen
**Klank**: Andre Beumer
**Prediker**: Gerrit Kruger

Meeste mense het al in hul lewens werklik eensaam gevoel. Eensaam en bang vir gevare. Was dit 'n donker nag? Was dit eensaam en alleen op die pad? Was dit eensaam en alleen op kantoor, laat in die aand of waar ookal en wat ookal die omstandighede. Ons almal is in vandag se tyd bedag op rowers wat kan toeslaan laat in die nag, helder oordag, motorkapers of waar ookal. Maar hierdie Psalm leer aan ons God se trou en God se genade en God se bewaring.

1 God het die pelgrims bewaar.
2 God bewaar ons vandag.
3 God sal sy kerk bewaar.

## S O N D A G A A N D   18:00

## *Hart van vrede in oordeel en genade*

**Skriflesing:** Romeine 9

**Teksvers:** Romeine 9:22-24

**Sing:**

Sb 17-1,2,4,7
Ps 138-1:1,3
Ps 89-2:1,5
Sb 8-3:1
Sb 12-5:1
Sb 13-3

**Orrelis**: Hannetjie Bezuidenhoudt
**Projektor**: Nicolene Wattel
**Klank**: Charl vd Bergh
**Prediker**: Ds Paul vd Berg

Glo jy dat die Here altyd regverdig is? Dat wat Hy ookal doen of besluit regverdig is? Die enigste verskil tussen 'n gelowige en ongelowige is God se genade. Sy genade is sy genade. Niemand van ons verdien enige genade nie. Die wat gered word, kan maar net die Here dank vir sy genade. Dit is 'n genade om God se vredeshart te kan hoor en tot inkeer te kan kom. Die wat verlore gaan, kan hulleself maar net blameer. God is nie daarop uit om mense te vernietig nie. Hy het nie 'n vendetta teen die mens nie, maar bied vir die mense die lewe.

Die getroue Verbondsgod het sy wil van genade aan ons in sy Woord geopenbaar. Sy wil is dat mense in Christus tot inkeer en bekering sal kom. In Christus fokus Hy op die nadertrek van mense en nie op die wegstoot van mense nie.

Mag jy weet dat die Here met 'n vredeshart met alle mense besig is. Hy bied sy genade aan. Geseënd is jy wat die roepstem van die Heilige Gees hoor en binne God se genade in Christus kan lewe. Die wat vir sy genade "nee" sê, sal ewig lewe sonder Christus. Daar is immers net 'n lewe in Christus of 'n lewe sonder Christus.




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 43 Nr 22 29 Julie 2018**

Webblad: http://www.gkcenturion.co.za

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE


# *Vervulling met die Heilige Gees*

Hoe word jy vervul me die Heilige Gees? Wat beteken dit om vervul te wees met die Heilige Gees?

"In die Nuwe Testament word daar nêrens aan die mense die eis gestel: word wedergebore of word met die Heilige Gees gedoop nie. Maar wel verneem ons telkens met betrekking tot die Heilige Gees 'n hele aantal bevele: "*word vervul met die Gees*" (Ef 5:18); "*wandel deur die Gees*" (Gal 5:16); "*as julle deur die Gees gelei word*" (Gal 5:18, voorwaardelik gestel); "*wees heilig*" (1 Petr 1:16)."

(Floor.1979:116)

God gee in Christus, uit vrye genade, aan al Sy kinders, sy lewendmakende Heilige Gees. Jesus Christus het ook aan ons geleer in Joh 14:16,17, "*En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid*: 17) *die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees*."

Ons moet onderskei tussen die "*inwoning*" en "*vul*" van die Heilige Gees. Die Heilige Gees word aan al God se kinders gegee, (Ef 1:13) die oomblik van wedergeboorte sodat hulle kan glo. Niemand kan uit eie inisiatief in God glo en die verlossing verkry as God dit nie aan jou gee of dit aan jou openbaar nie. (Gal 3:2) Daarom bly die Heilige Gees in al God se kinders

Maar omdat ons die Gees ontvang het, die kosbare heilige geloof, moet ons ook groei in die geloof, in kennis en vertroue, Gal 3:2.

Daarom moet ons ook biddend die Bybel lees, en doelbewus van die sonde wegvlug en ons volmaak met die sake van God. In Psalm 19:14 leer ons: "*Laat die woorde van my mond en die oordenking van my hart welbehaaglik wees voor u aangesig, o HERE, my rots en my verlosser*!"

Om daarom met die Heilige Gees vervul te word, beteken dat ons elke dag biddend ons sondes moet bely, wegvlug van die sonde af, en in gehoorsaamheid ons aan God toewy in gedagtes, woorde en werke. Dan het die Gees 'n vrye werking in ons om ons te lei. Sodoende word ons ook elke dag deur God se genade gelei om 'n al heiliger lewe te lei en meer en meer met die Heilige Gees vervul te word.

Ds Gerrit

## *ALGEMENE INLIGTING*

### *EREDIENSTYE*

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00
Engelse Diens: 11:00
Sothodiens: 12:30
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ons gee om ...

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:00 - 13:00*

| | |
|---|---|
| Telefoon: 012 664 2614 | Basdenlaan 226 |
| Faks: 012 664 0004 | Lyttelton |
| Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za** | 0140 |

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 012 664 1847/ 082 964 5595

Ds Paul van den Berg: 084 263 2055

**Skakel die kerkkantoor of stuur asb 'n e-pos indien u kontakbesonderhede verander: admin@gkcenturion.co.za**

**DIENSBEURTE**: Ouderlinge: Billy du Toit Alethea : Marcel Wilson
Diaken: Hennie vd Vyver

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**KLEINGROEPKOMMISSIE:** Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES:** **www.gkcenturion.co.za**

**LEWENDIGE VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **(gkcenturion.co.za)**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname)

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 0833816428/esmel.prins @gmail.com vir navrae

**KATKISASIE**: Vandag: Les 16; Ps 33:1
Volgende week: Les 17; Ps 9:1

**KLEUTERKATKISASIE (2-5jr)**: Ouers neem asb u kleuters **ná** Skriflesing na die kleuterklas (kamer 4).

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Rek no: 600 340 417



**Centurion Florist** skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid plaaslik & oorsee. (664-0685) centurionflorist@discovery mail.co.za.

**Hoop & Help Life Coaching en Pastorale Berading**, gratis, Maandagoggende by die Kerkgebou. Skakel Esther du Plessis by 0718682257 vir 'n afspraak. Depressie, trauma, verhoudings, besighede, studente en leerlinge almal welkom.

**Verkoop, koop of verhuring** van eiendom Centurion-omgewing. Skakel Lorraine Gouws 0824506202 (Remax Infoglobe).

**Kombuise– en Gasinstallasies**- Ons is gekwalifiseerde binnehuis ontwerpers sowel as gesertifiseerde LP GAS installeerders; ons spesialiseer in die ontwerp, vervaardiging en installering van nuwe kombuise sowel as restourasie dmv verf tegnieke. W vd Walt 0823086238; werner@bwinteriors.co.za of Meryke Deetlefs 084 444 5443; meryke @mery-d.co.za.

**Pilates klasse** in Zwartkop—Liggaamshouding evaluering elke 6 mde. Sien hoe jou postuur verbeter. Billike pryse. Kontak Elmé 0609948023 of whatsup.

Pragtige handgemaakte **boontjiesakkies** @ R125 vir 5 of R30 elk. Gebruik om jong kinders te leer gooi en vang, vir sport of vir pret speletjies. Sakkies weeg ongeveer 50g en is wasbaar. Heleen 072 938 8838.

**Huis te huur** Lyttelton/Centurion R10 500 pm (helfte van stadsraad rekening en elek uitgesluit). 3 Sk, 2 bk, TV kamer, eetkamer met ingeboude braai. Nuwe kombuis, studeerkamer, 2mh, volstoep, alarmstelsel. Ben vd Walt 082 854 3719 /benv@tfm.co.za.

**Tuinwoonstel Lyttelton Manor te huur** R5000pm—Stodioslaaap/sitkamer, bk, stoorkamer/studeerkamer, kombis/opwas, mh. Enkellopende persoon. W&L ingeluit. H Sweers 083 283 6456/TKruger 083 450 7460

**Algemene herstelwerk** aan huise en geboue, ook veiligheidshekke en diefwering en verfwerk. Kontak Hennie van der Walt by 082 9274 326 en hj2vdwalt@gmail.com

**ORREL ONDERSOEK**

Voor die oggenddiens van verlede week Sondag (22 Julie), het die orrel kommissie 'n voorlegging gedoen rakende die orrel. Die doel was om 'n indikasie te kry van moontlike finansiële steun wat deur die gemeente beskikbaar gestel sal word vir die orrel projek.

Die ondersteuning vir die projek was baie goed. Die resultate kan kortliks soos volg opgesom word:

- Daar was 107 ondernemingsbriefies.
- Die som totaal van enkelbedrae was R163 000.
- Die totaal van die maandelikse bedrae, vir twee jaar, beloop R502 800.
- In totaal dus R665 800.

Hierdie is die onderneming van die lidmate wat tydens die oggenddiens daar was. Uiteraard is daar verskeie mense wat nie by hierdie diens teenwoordig was nie en steeds 'n bydra sal wil maak. Daar is dus geen twyfel dat die gemeente die projek steun en dat daar ruimskoots bygedra sal word. Die kommissie het dus 'n duidelike mandaat om voort te gaan met die projek. Dit neem nie weg dat daar met groot omsigtigheid te werk gegaan sal word!

Daar het ook verskeie voorstelle uit die gemeente gekom. Een van die voorstelle was dat elektroniese orrels ook oorweeg sal word.

Die kommissie se opdrag is duidelik. 'n Volledige ondersoek moet gedoen word en die kommissie sal sy plig versuim as elektroniese orrels nie deel van die ondersoek is nie. Die kommissie sal daarna 'n uitgebreide verslag, met aanbevelings, aan die Kerkraad voorlê. Gegewe die probleme wat tans met die orrel ondervind word, word die projek as dringend hanteer.

U kan reeds begin bydra vir die projek. Gebruik asseblief die normale Kerkraad rekening, soos in die Kommunikaatjie aangedui, met duidelike verwysing na "orrel", om te verseker dat die kassier dit reg aanwend. 'n Passende barometer sal by die orrel opgerig word en debietorders sal vanaf volgende Sondag beskikbaar wees. Indien die totale kostes binne die twee jaar reeds befonds is, sal die debietorders onmiddellik gestaak word.

Ons dank ons Hemelse Vader vir hierdie ondersteuning.

**ORREL KOMMISSIE**

**CENTURION CHRISTELIKE LAERSKOOL <u>OPEDAG</u> EN MINI-ARGUS**
**4 AUGUSTUS 2018**

**CCL is die skool vir ouers wat uitnemende onderrig en opvoeding vir hulle kind/ers beoog.**

CCL is geakkrediteer as *Christelike skool* en gee reeds vir 16 jaar onderwys en opvoeding vir ouers wat die volgende vir hulle kind/ers wil hê:

- 'n leeromgewing wat die *huislike* opset voorsit deur woord en daad, met ander woorde deur **verbonds-onderrig.** Die onderrig gebeur nie algemeen Christelik nie, maar wel op **reformatoriese** grondslag - soos bely word deur die NG Kerk, NH Kerk, GKSA, AP Kerk en ander reformatoriese kerkverbande.
- Verbondsonderrig beteken dat die leerder as **verbondskind** grootgemaak, onderrig en opgevoed word binne die gereformeerde denkraamwerk met **die Bybel en drie formuliere van Eenheid as grond-slag.**
- Die **reformatoriese denkraamwerk** beteken dat God oor alles heers - ook in die <u>skool</u> en in die <u>leerstof</u> en in <u>onderrigwyse</u>. Die leerder word geleer en gewys dat die Here die skepper en onderhouer is van <u>alles</u> wat elke dag geleer en gedoen word: in Wiskunde, tale, lewensvaardighede, SW, NW, ekonomie-se vakke en tegnologie, kultuur, sport, eko-lewe, naskool en gemeenskapswerk.
- 'n reformatoriese skool leer die leerders <u>daagliks</u> **wie** die Here is. Hulle leer die wese van die Here **ken en liefkry** deur die Bybel soos **Deut 6:4-9** se opvoedingswyse dit duidelik stel: *Luister, die Here is ons God, Hy is die enigste Here. Daarom moet jy die Here jou God **liefhê** met hart en siel, met al jou krag. Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou **gedagtes** bly. Jy moet dit **inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan.** Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande en dit moet 'n merk op jou voorkop wees. Skrif dit op jou deurkosyne en op jou stadspoorte.*
- Leerders kry geleentheid om binne 'n **veilige omgewing en binne 'n slegs-tot-20-sitplekklas** as individu te ontwikkel.
- Leerders kry geleentheid om deel te neem al die **sport en kultuur** wat die skool bied: *Sport*: atletiek, sokker, rugby, netbal, hokkie, landloop. *Kultuur*: koor, orkes, redenaars, kunstefeeste, eko-aktiwiteite en kompetisies.
- Die **finansiële implikasies** is sodanig dat ouers die Bybelse opvoedingsisteem as **bekostigbaar** tot voordeel van die leerder kan kies.
- Vir meer **inligting**: webblad en fb – Centurion Christelike Laerskool, of besoek CCL enige tyd tydens skoolure, of besoek CCL tydens Opedag, of doen telefonies of deur e-pos navrae.

**Kontakbesonderhede: 012 654-7577; skool@LSCenturion.co.za**

---

**Berigte** vir die Kommunikaatjie
<u>of</u>
**Skyfies/aanbiedings** vir Sondae
Moet asb
die kerkkantoor bereik,
nie later as Donderdae om 11:00
Stuur aan:
kerkkantoor@gkcenturion.co.za

**Gereformeerde Kerk Rooihuiskraal**
met Voices Div!ne
**27 Oktober 2018** te Leriba Lodge

Stel jy belang om 'n stalletjie op hierdie dag te beman met jou kunswerk/produk?
Vanaf 15:00 tot laat—Koste R300
Ongelukkig GEEN kosprodukte nie
Kontak Daleen by 082 373 1803 /
kerkkantoor@gkrhk.org.za



# *Ons gee om vir Mekaar*

*"Moet oor niks besorg wees nie..." Fil 4:6*



- Leendert Wattel sterk aan na 'n operasie (A12—345 2107).
- Henda Vreugde sterk aan na 'n voetoperasie (B7—653 2709).
- Gaudeo vd Heever het 'n heupvervangingsoperasie ondergaan (C2—664 4663).
- Liezl Smit het 'n galblaasoperasie ondergaan (C5—082 670 1834).
- Marie vd Walt het 'n knie-operasie ondergaan (C3—664 8284).
- Madelein Naude sterk aan in Unitas hospitaal (A7—644 1917).
- Esther Engelbrecht het toetse ondergaan (A14—083 761 3757).
- Meelewing word betuig met Willem en Melissa Visser na die afsterwe en begrafnis van hul baba, Klara, gedurende die week.
- Troosdiens van wyle Annemarie Holtzhauzen geskied Saterdag, 4 Aug te Shelanti Kapel.

***Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## *Vergaderings*

- 30 Jul—Bedieningskommissie 18:00
- 31 Jul—Jeug kommissie 19:00
- 1 Aug—Ouderling Blok vergaderings
- 2 Aug—Diakonie-toerusting 18:30
  Diakonie 19:00

## *Kuier onder die Sterre*

(Olyfbosskerm — koinonia)
Saterdag, **8 September 2018 vanaf 17:00**
Bring eie eetgerei en drinkgoed.
Kontant koffie-kroeg beskikbaar.
Koop u kaartjies onder die olyfboom. Vrywilligers wat kan help met die maak van 'n potjie, kan ook hul name opgee.
R80 volwassenes; R50 graad 8 -12; R20 jonger
PW Groenewald 082 899 0342




---

**<u>KOLLEKTES</u>**

**Vandag** tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Ekumenisiteit Londen

*Kollektes sal nog steeds in banke/deure opgeneem word vir diegene wat nie Zapper gebruik nie*

**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Teol studentekas

**<u>Plaas asb u bydraekoevertjies in die kluis agter in die konsistorie</u>**

## BYBELVERSPREIDING FONDSINSAMELING

Fondse vir Bybelsverspreiding word vir die volgende twee projekte ingesamel:

***BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA***: Die taak van die Bybelgenootskap is om bekostigbare Bybels vir elkeen in hulle eie taal en in geskikte formaat beskikbaar te stel sodat almal die lewegewende boodskap van die Woord mag ervaar. Die Bybelgenootskap vra tans ongeveer R100 vir bekostigbare Bybels maar die werklike koste is inderdaad dubbel die bedrag.

***BIBLOSPROJEK***: Die doel van hierdie projek is om sover moontlik aan diegene met wie ons daagliks kontak het (huis- en tuinhulpe, sekuriteitswagte, petroljoggies, versorgers ens.) 'n Bybel in sy/haar moedertaal of taal van voorkeur te voorsien.

Lidmate kan vrywillig bydra tot beide projekte of net een van die twee. Koevertjies word beskikbaar gestel by die deure vir hierdie fondsinsameling waarop lidmate kan aandui vir watter projek hulle graag wil bydra. Andersins kan oorplasings in die kerk se bankrekening gemaak word met verwysing 'Bybelgenootskap' of 'Biblos'. Sien bankrekeningbesonderhede in die Kommunikaatjie.

Met groot dank aan die Here kan ons getuig dat ons gemeente jaarliks die Bybelverspreiding fondsinsameling goed ondersteun.

**Bybelgenootskap**: Eddy Niezen 0834552760 of eddy.niezen@gmail.com

**Biblosprojek**: Esmé van den Berg: 0833816428 of esmel.prins@gmail.com

**GK Tembisa** is opsoek na 'n 2de handse skootrekenaar om hul lofliedere tydens eredienste op die bord ten toon te stel.

Indien iemand 'n 2de handse skootrekenaar het wat hulle kan skenk sal dit baie waardeer word. Eddy Niezen 0834552760

## MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEDE BESKIKBAAR!



Die Oord behoort aan die Gereformeerde Kerk Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop okkupasiereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige **tuine en lae heffings.**

**Daar is geen versorgings fasiliteite nie—**Bepalings geld op 80-plussers

**Die twee eenhede wat beskikbaar is bestaande uit** :

- 1 slaapkamer, 1 badkamer, kombuis, eet/sitkamer, toesluit motorhuis (nie aan huis) met 'n tuin. Die rigprys is R450 000. Beskikbaar vir okkupasie ongeveer 1 Sept 2018. U kan egter 'n aanbod van u keuse maak, waarna die bestuur die verskillende aansoeke sal oorweeg.
- 2 slaapkamers, 1½ badkamers, kombuis, eet– en sitkamer, toesluit motorhuis met privaat stoep en tuin. Beskikbaar vir okkupasie vanaf ongeveer 1 Sept 2018. Die rigprys is R1 020 000. U kan egter 'n aanbod van u keuse maak, waarna die bestuur die verskillende aansoeke sal oorweeg.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

**Navrae:** Lena Malan (op terrein) 083 457 7294 of Gerrit Beumer 082 572 5235

**Aansoeke sluit 6 Aug 2018**



## *VERJAARSDAE*

***"...U sorg vir my." Ps 16:5***

***BELYDENDE LIDMATE***


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 29-Jul | Luit | Bakker | B21 | 007 1972 |
| | Dina | vd Berg | B16 | 083 305 1305 |
| | Chante | Visser | C05 | 664 8004 |
| 30-Jul | Deon | Deetlefs | A05 | 084 524 1404 |
| | Neels | Engelbrecht | A14 | 083 761 3757 |
| | Mariaan | Prinsloo | B04 | 653 0251 |
| | Ina | Wiegand | A11 | 664 2426 |
| 01-Aug | George | Erasmus | C06 | 084 440 1299 |
| | Melissa | Visser | B19 | 082 452 6377 |
| 02-Aug | Paul | vd Berg | A04 | 347 0494 |
| 03-Aug | Marié | Snyman | B17 | 073 340 4004 |
| | Chene | vd Walt | A05 | 082 308 6238 |
| | Marietjie | vd Walt | C11 | 082 334 0539 |
| 04-Aug | Gerda | Guldemond | A08 | 083 640 6138 |
| | Esma | Tredoux | B15 | 083 630 0944 |
| | Rina | Venter | A13 | 082 455 7149 |
| | Rina | Venter | B06 | 654 6323 |

***DOOPLIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 29-Jul | Lianka | Hoffmann | A02 | 084 553 1605 |
| 31-Jul | Leandri | Styger | C14 | 079 886 8344 |
| 02-Aug | Luan | du Plessis | A02 | 082 335 8032 |
| 03-Aug | Tinerie | Krynauw | B13 | 082 616 7690 |
| | Elzaan | vd Westhuizen | C15 | 076 780 5711 |
| 04-Aug | Karla | Gerber | C14 | 082 327 2949 |

**TEESKINKBEURTE**

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**29 Julie**

C09 Marique le Roux
C10 Minnette de Beer
C12 Christi Venter
C15 Suanne van der Walt

**5 Augustus**

B06 Liesje Kuperus
A15 Amanda Brink
C13 Madelein van Zyl
C14 Annemarie van Wyk

## DAMESOGGEND

GK Kameeldrift-Oos

**18 Augustus 2018** (8:30 vir 9:00)
St Mary's DSG Saal – Duxburyweg, Brooklyn

Ten bate van President Kruger Kinderhuise. Joseph Clark en Jannie Moolman is die jaar die gaskunstenaars, gasspreker is aktrise Elsabe Daneel! Tema: "*deur die oë van 'n kind*".
Bespreek nou plek of wees sommer self 'n gasvrou vir die dag, skakel:
Susan Fourie 082 324 9399.

"'Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!'"

Jeremia 29:11